# Graan SA/Omnia

# Boerepatentekompetisie:

## Beweeg saam met die tye

**GRAAN SA SE NAMPO OESDAG 2018: 15 - 18 Mei**




## AMPTELIKE INSKRYWINGSVORM

### Aangebied deur Graan SA en Omnia. Vindingryke produsente kry weer geleentheid om gemodifiseerde landboutoerusting te demonstreer.

Die doel van die Boerepatentekompetisie is om produsente met oorspronklike idees aan te moedig om toerusting wat deur hulle gebou is vir spesifieke aanwending of vir die doel om hul eie probleme op die plaas te oorkom, met hul medeprodusente te deel wat sal lei tot algemene en groter doeltreffendheid en gerief op die plaas.

**Wat is 'n boerepatent?**
Dit is 'n oorspronklike toestel of toerusting wat deur 'n individu ontwerp en gebou is om in 'n spesifieke behoefte te voorsien wat nie deur bestaande toerusting bevredig word nie. Die toestel of toerusting mag nie gepatenteer wees nie en mag deur enige persoon vir eie gebruik nageboots word. Sien ook Reël 9.

**Inskrywings**
Rig alle inskrywings aan mnr Wim Venter, Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660. Daar sal dan 'n eerste keuring gedoen en 'n sertifikaat van deelname aan alle gekeurde inskrywings uitgereik word. Inskrywingsvorms is ook beskikbaar by die Graan SA-kantoor – skakel hulle by 086 004 7246.

Let wel: Sou jou patent van so 'n aard wees dat dit nie voor die tyd vervoer kan word nie, is ons meer as bereid om 'n DVD/video te ontvang (ten minste 'n maand voor die kompetisie) of as jy graag van die nuutste inligtingstegnologie wil gebruik maak, kan jy dit op *YouTube* plaas – stel egter dan net vir Wim Venter daarvan in kennis.

**1. Naam:** ......................................................................

**2. Adres:** ......................................................................

**3. Kontaknommer:** ..............................................................

**4. Dui met 'n kruisie die afdeling aan waaronder jy inskryf:**

A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
☐ A1: Nuut ☐ A2: Gemodifiseer/aangepas

B. Gereedskap
☐ B1: Nuut ☐ B2: Gemodifiseer/aangepas

C. Huishoudelike-/tuintoerusting
☐ C1: Nuut ☐ C2: Gemodifiseer/aangepas

D. Ope-afdeling
☐ Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).

E. Skoliere
☐ Enige leerling wat 18 jaar of jonger is en wat by 'n primêre of sekondêre onderriginstelling ingeskryf is.

F. Studente
☐ Enige leerling wat 18 jaar of ouer is en wat by 'n tersiêre onderriginstelling ingeskryf is.

**5. Volledige beskrywing van toestel/toerusting en algemene inligting:**

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

**Ek onderneem om by die reëls van die kompetisie te hou.**

**Geteken:** ..........................................................................

**Naam en van in blokletters:** ..................................................

## REËLS VIR DIE KOMPETISIE

1. Ingeskrewe artikels moet op die voorgeskrewe wyse by die Graan SA NAMPO Oesdag ten toon gestel word. Daar sal van die uitstaller verwag word om sy patent prakties te demonstreer vir die duur van die NAMPO Oesdag, met ander woorde, al vier dae.
2. Inskrywings sal slegs op die amptelike inskrywingsvorm aanvaar word.
3. Inskrywingsvorms moet Graan SA se kantoor minstens twee weke voor die aanvang van die NAMPO Oesdag bereik. Behalwe in die geval van 'n DVD/video, moet dit die beoordelaars ten minste een maand voor die tyd bereik.
4. Die uitstaller is verantwoordelik vir die vervoer van en toesig oor sy patent gedurende en na afloop van die uitstalling.
5. Graan SA of Omnia kan geensins verantwoordelik gehou word vir enige verliese gely deur die uitstaller weens sy deelname aan die kompetisie nie.
6. Patente (en uitstallings) moet die oorspronklike idee van die uitstaller wees.
7. Slegs bona fide produsente of ander individue wat geen belang by die kommersiële vervaardiging van soortgelyke toerusting of toestelle het nie, mag inskryf.
8. Geen toerusting wat kommersieel bemark of in die proses van registrasie is, mag meeding nie.
9. Die inskrywing van gepatenteerde produkte wat omgeskakel word in 'n nuwe patent, sal toegelaat word mits dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
10. Die aangewese beoordelaars se beslissing ten opsigte van die toekenning van pryse is finaal en geen appèl teen enige besluit sal aangehoor word nie.
11. Die beoordelaars sal pryse toeken na goeddunke en inskrywings afkeur wat volgens hul oordeel nie inpas nie.
12. Afdelings waaronder deelgeneem kan word:
   A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
      A1: Nuut
      A2: Gemodifiseer/aangepas
   B. Gereedskap
      B1: Nuut
      B2: Gemodifiseer/aangepas
   C. Huishoudelike-/tuintoerusting
      C1: Nuut
      C2: Gemodifiseer/aangepas
   D. Ope-afdeling
      Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).
   E. Skoliere
      Enige leerling wat 18 jaar of jonger is en wat by 'n primêre of sekondêre onderriginstelling ingeskryf is.
   F. Studente
      Enige leerling wat 18 jaar of ouer is en wat by 'n tersiêre onderriginstelling ingeskryf is.
13. (a) Uitstallings moet op die laatste Maandag, 14 Mei 2018, teen 14:00 op die terrein wees. Kundige teenwoordigheid vir die duur van die NAMPO Oesdag word verwag. Inskrywingsvorms moet saam met die patent by die ingangshek getoon word.
   (b) Geen uitstalling mag voor Saterdag, 19 Mei 2018, verwyder word nie.
   (c) Alle inskrywings word as permanente uitstallings vir die duur van die NAMPO Oesdag beskou. Waar daar byvoorbeeld van 'n voertuig soos 'n bakkie gebruik gemaak word om 'n patent te demonstreer, sal die bakkie as 'n permanente deel van die uitstalling beskou word en mag dit nié tydens die periode wat die NAMPO Oesdag duur, van die terrein verwyder word nie. *Sien 13(a)*.

**Beoordeling vind op 15 Mei 2018 plaas en produsente word genooi om patente te kom besigtig op standplaas 104 langs die Omnia-gebou. Moet dit nie misloop nie!**